

**DIE GEBRUIK VAN REKENINGKUNDIGE
INGENIEURSWESE DEUR MAATSKAPPYE IN SUID-
AFRIKA**

Deur

JAN JACOBUS BEZUIDENHOUT

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling van vereistes vir die graad
MAGISTER COMMERCII

in

ONDERNEMINGSBESTUUR

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE


OF
JOHANNESBURG

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

Studieleier: Professor A.L. Boessenkool

November 1996

Verklaring

Hiermee verklaar ek Jan Jacobus Bezuidenhout dat die skripsie 'n produk is van my eie arbeid.

Geteken te Johannesburg op hierdie dag van 15 November 1996.


HANDTEKENING

 UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

INHOUDSOPGAWE

Bladsv

HOOFSTUK 1

OORSIG

1.1 Inleiding	1
1.2 Probleemstelling	3
1.3 Doel van die studie	4
1.4 Navorsingsontwerp	4
1.5 Hoofstukindeling	5

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2.1 Redelike weergawe	6
2.2 Redes vir wanaanbieding	8
2.3 Metodes van Rekeningkundige Ingenieurswese	10
2.4 Bespreking van RI-metodes	11
2.5 Samevatting	17



HOOFSTUK 3

DOELWITVRAELYS

3.1 Inleiding	19
3.2 Wie is die aandeelhouers en wat is hulle invloed?	19
3.3 Wie is die bestuur en hoe is dit saamgestel?	20
3.4 Hoe is die maatskappy finansiëel gestruktureer?	21
3.5 Wat is die wins- en vpa- geskiedenis?	21
3.6 Wat is die maatskappy se oorhoofse strategie?	21
3.7 In watter fase is die ekonomiese en bedryf-siklusse?	22
3.8 Was daar onlangs 'n bestuursoorname of is daar een in die vooruitsig?	22
3.9 Het die maatskappy onlangs ontbondel of is dit van voorneme om te ontbondel?	23
3.10 Het die maatskappy onlangs buitengewone publisiteit gehad?	23
3.11 Samevatting	24



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

HOOFSTUK 4

ONTLEDINGSMODEL

4.1 Inleiding	25
4.2 Lees die state van agter na voor	25
4.3 Lees die rekeningkundige beleid	26
4.4 Bestudeer die state deur sekere filters	26
4.5 Kontant is koning	28
4.6 Ri-toets	28
4.7 Gevolgtrekking	33
4.8 Samevatting	34

HOOFSTUK 5

STRATEGIESE KONTROLELYS

5.1 Inleiding	35
5.2 Bestuur	36
5.3 Personeel	36
5.4 Kapitaalstruktuur en rentedekking	37
5.5 Kontantgeskiedenis	37
5.6 Aard van die produk of diens	37
5.7 Debiteure	38
5.8 Bemarkingsplan en -begroting	38
5.9 Etiek	39
5.10 Leweransiers	39
5.11 Samevatting	40

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

6.1 Gevolgtrekking	42
6.2 Aanbevelings	43

BIBLIOGRAFIE

44



HOOFSTUK 1

OORSIG

1.1 INLEIDING

1.1.1 Oorsig

Die doel van finansiële state is om inligting te voorsien aangaande die finansiële stand, prestasie en veranderinge in die finansiële stand van 'n onderneming, wat vir 'n groot verskeidenheid gebruikers by ekonomiese besluitneming nuttig is.

Die gebruikers van finansiële jaarstate maak dus onder andere staat op die akkuraatheid, betroubaarheid, volledigheid en tydigheid van die state. Die belangrikheid van die bruikbaarheid van finansiële inligting soos deur middel van finansiële jaarstate geopenbaar, is die afgelope vyftig jaar al deur gebruikers van jaarstate beklemtoon.

Wanneer die onafhanklike ouditeure van 'n maatskappy 'n ongekwalfiseerde mening uitspreek oor die finansiële jaarstate, beteken dit dat die state voldoen aan al die vereistes van die Maatskappywet en AARP. Dit beteken teoreties dat gebruikers op sulke finansiële jaarstate kan staatmaak aangesien dit 'n redelike weergawe van die werklikheid is.

Hoe is dit dan moontlik dat maatskappye wat winste toon, of selfs klein verliese, die volgende oomblik gelikwieder kan word, terwyl hulle geouditeerde finansiële jaarstate voorgelê het wat bewys dat hulle state ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk opgestel is?

Die antwoord op hierdie vraag lê daarin dat die opstellers van finansiële jaarstate, binne die raamwerk van die Maatskappywet en AARP,

finansiële syfers manipuleer ten einde hul eie oogmerke te bereik. Dit is moontlik omdat redelike aanbidding 'n subjektiewe begrip is en oop is vir interpretasie.

Die doel van state wat so opgestel word is gewoonlik om 'n sekere gebruiker van die state te beïnvloed. Die opstellers van finansiële state kan byvoorbeeld die balansstaatsyfers manipuleer ten einde 'n beter hefboomverhouding te toon om hulle finansierders te beïnvloed. Dit is ook moontlik om die inkomstestaatsyfers te manipuleer ten einde 'n beter verdienste per aandeel te toon om beleggers te beïnvloed.

Vir die minder gesofistikeerde belegger is dit reeds moeilik genoeg om 'n maatskappy te beoordeel op grond van sy gepubliseerde finansiële jaarstate. Wanneer die ware finansiële toestand van die maatskappy egter versteur word deur die misbruik van rekeningkundige openbaarmakingsmetodes kan selfs professionele beleggers mislei word.

1.1.2 Terminologie

Omskrywing van woorde of begrippe wat in die skripsie gebruik word:

Rekeningkundige ingenieurswese

Die manipulasie van finansiële syfers, binne die vereistes van die Maatskappywet en AARP, wat tot gevolg het dat die ware finansiële toestand van die maatskappy nie op die mees korrekte manier weergegee word nie.

Wins

Rekeningkundige wins soos getoon in die inkomstestaat as behoue inkomste

Die Wet

Maatskappywet 61 van 1973, soos gewysig.

Gebruikers van finansiële state

- Beleggers en beleggingsadviseurs
- Krediteure en leweransiers
- Regeringsinstansies
- Werknemers
- Verskaffers van finansiering

AARP

Algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die probleem vir die gebruikers van finansiële jaarstate is eerstens dat hulle nie weet met watter oogmerk die state opgestel is nie. Dit maak dit moeilik om enige metode van ontleding van die state te gebruik, aangesien dit nie uit die opsteller se oogpunt gesien en verstaan word nie.

Tweedens het gebruikers die probleem dat hulle nie 'n metode het om te bepaal tot watter mate hulle kan vertrou op 'n maatskappy se finansiële state, gebaseer op die doelwitte van die opsteller nie.

Die implikasie hiervan, veral vir beleggers, is dat die risiko met sekere beleggings geweldig kan vergroot sonder dat die belegger daarvan bewus is. Beleggers, finansierders en ander krediteure kan groot bedrae geld verloor, terwyl werknemers se werk in gevaar kan wees.

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die hoofdoel van die studie is om 'n model te ontwikkel waarmee die gebruikers van finansiële state kan vasstel of hulle op 'n maatskappy se finansiële syfers kan vertrou of nie.

Die sekondêre doelwitte van die studie, ten einde die hoofdoel te bereik, is as volg:

- Die ontwerp van 'n vraelys wat gebruik kan word by die bepaling van die opsteller se oogmerk met die opstel van die finansiële state.
- Die ontwerp van 'n Suid-Afrikaanse model om die gebruik van rekeningkundige ingenieurswese te bepaal.
- Die ontwerp van 'n strategiese kontrolelyns as verdere kwalitatiewe hulpmiddel om te bepaal of daar op syfers vertrou kan word of nie.

1.4 NAVORSINGSONTWERP



Eerstens sal 'n literatuurstudie gedoen word oor:

- Die redes vir wanaanbieding in finansiële jaarstate.
- Die begrip redelikheid in finansiële syfers.
- Die onderskeie metodes van rekeningkundige ingenieurswese en hoe dit geïdentifiseer kan word asook hoe dit finansiële syfers kan beïnvloed.

Tweedens sal die vraelys, model en kontrolelyns, soos uiteengesit in die sekondêre doelwitte, ontwerp word.

1.5 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1 - Oorsig

'n Algemene oorsig word gegee oor die gebruiker van finansiële jaarstate se probleem as gevolg van die gebruik van rekeningkundige ingenieurswese en die implikasies daarvan. Die ontwerp van 'n vraelys om die opsteller se oogmerke met aanbieding te bepaal en 'n model om 'n vertrouensstoets op die finansiële state te doen en sekere strategiese faktore te ontleed word as moontlike oplossing voorgestel.

Hoofstuk 2 - Literatuurstudie

Bestaande literatuur oor die begrip “redelike weergawe” en redes vir wanaanbieding word bespreek. Die gebruike van rekeningkundige ingenieurswese word bespreek en alle moontlike metodes word genoem.

Hoofstuk 3 - Ontwikkel vraelys

Die invloed van die oogmerke van die opstellers van finansiële state word bespreek. 'n Vraelys word ontwikkel om te probeer vasstel wat die oogmerke is.

Hoofstuk 4 - RI-model

'n Model om die gebruik van rekeningkundige ingenieurswese in Suid-Afrika te bepaal word ontwikkel aan die hand van die model van Terry Smith.

Hoofstuk 5 - Strategiese kontrolelyns

Die strategiese kontrolelyns word saamgestel as nie-kwalitatiewe hulpmiddel by die beoordeling van finansiële state.

Hoofstuk 6 - Gevolgtrekking en aanbevelings

Die moontlikheid van die praktiese gebruik van die model en verdere navorsingsmoontlikhede word bespreek.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2.1 REDELIKE WEERGAWE

2.1.2 Die Maatskappywet en AARP

Die oorheersende bepaling van die Wet wat die inhoud van finansiële jaarstate reël, word vervat in A286 (3) en bepaal dat die finansiële jaarstate ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, die toestand van sake van die maatskappy en sy besigheid aan die einde van die betrokke boekjaar en die wins of verlies vir die boekjaar redelik moet weergee. Vir dië doel moet dit in ooreenstemming wees met ten minste die aangeleenthede voorgeskryf deur Bylae 4, vir sover as wat dit toepaslik is, en aan enige vereistes van die Wet voldoen.

Indien 'n standpunt van AARP nagekom word, kan met veiligheid aanvaar word dat die voorskrifte van die Maatskappywet oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk nagekom is. Dit is verder belangrik om daarop te let dat nie-nakoming van AARP nie noodwendig 'n oortreding van die vereistes van die Maatskappywet is nie.

Elke maatskappy moet rekeningkundige rekords hou wat nodig is om die stand van sake en besigheid van die maatskappy redelik weer te gee en die transaksies en finansiële stand van die bedryf of besigheid van die maatskappy te verduidelik A284 (1). Die finansiële jaarstate van 'n maatskappy word weer op hierdie finansiële rekords gebaseer.

2.1.2 Plig van die ouditeur

Die finansiële state van 'n maatskappy word vervolgens ondersoek deur 'n onafhanklike ouditeur om, onder andere, te verseker dat:

- die maatskappy behoorlike rekeningkundige rekords gehou het soos deur die Wet vereis
- die maatskappy se finansiële jaarstate ooreenstem met die rekeningkundige rekords en opgawes
- die maatskappy se finansiële jaarstate voldoen aan die vereistes van die Wet
- die finansiële jaarstate die finansiële stand van die maatskappy en die resultate van sy bedrywighede redelik weergee, ooreenkomstig AARP en in ooreenstemming met vorige jare.

Wanneer die ouditeur voldoen het aan bogenoemde vereistes van A300 en sy audit sonder enige beperking hoegenaamd uitgevoer het, doen hy verslag aan die lede van die maatskappy.

'n Ongekwalifiseerde verslag bevestig dat die finansiële state die finansiële stand en resultate van bedrywighede redelik weergee.

2.1.3 Interpretasie van “redelike weergawe”

Die begrip “redelike weergawe” impliseer dat daar moontlik ruimte is vir verskille in interpretasie en regverdig verdere ondersoek. Die vraag wat ons ook sal moet beantwoord is of 'n “redelike” stel finansiële state die mees korrekte waarheid weergee en of dit miskien 'n verdraaide waarheid as gevolg van verskil in interpretasie of ander redes weergee.

Die waarheid is dat Rekeningkunde gebruik kan word om die werklikheid te verdraai (Bernstein; 1992: P11). Die mate waartoe state redelik aangebied word hang af van rekeningkundige gehalte.

Rekeningkundige gehalte is die mate waartoe die finansiële toestand van 'n maatskappy tot die mees realisties moontlike aanbieding geopenbaar word. Indien 'n raming wat gemaak is in die toekoms reg bewys word, dan is dit 'n voorbeeld van Rekeningkundige inligting van hoë gehalte.

Om 'n finale antwoord oor redelike aanbieding te kry moet ons weer kyk na die doel van finansiële state.

Die doel van finansiële state is om inligting te voorsien aangaande die finansiële stand, prestasie en verandering in die finansiële stand van 'n onderneming, wat vir 'n groot verskeidenheid gebruikers by ekonomiese besluitneming nuttig is (RE#000; 1990:Par 12).

Indien die state op so 'n wyse aangebied word dat die gebruiker daarvan nie goeie ekonomiese besluite op grond daarvan neem nie, dan voldoen die state nie aan die oogmerk van finansiële state volgens AARP nie.

Vervolgens sal daar in hierdie skripsie aanvaar word dat finansiële state wat daartoe sal lei dat gebruikers nie die beste ekonomiese besluite kan neem nie, nie 'n redelike weergawe van die werklikheid verteenwoordig nie.

2.2 REDES VIR WANAAANBIEDING

Die belangrikste redes vir die gebruik van rekeningkundige ingenieurswese is:

- Tendens-analise wat die opstellers van finansiële state onder druk plaas om positiewe tendense ten opsigte van sekere sleutelaanwysers te behou.

- Druk op die opstellers van finansiële state gedurende finansiële afswaai-fases, veral waar die moontlikheid van oornames bestaan (Hemus & Tindall; 1994: p25).

'n Derde rede, dië van botsende belange van individue in die maatskappy, word ook deur verskeie skrywers as moontlikheid genoem. Die meeste gevalle waar lae-gehalterekeningkunde opgespoor is, het voorgekom omdat die druk op opstellers van finansiële state om hul eie doelwitte te bereik groter was as dië van die mees redelike finansiële state (Bernstein; 1992: p13). Die maatskappy se openbaarmakingsposisie word om die waarheid te sê beïnvloed deur verskeie interne organisatoriese faktore soos geskiedenis, finansiële prestasie, persoonlikheid en voorkeure van bestuur, sy grootte, en die mate van interne konflik (Gibbins et al; 1990: p139).

Aandeelhouers van publieke aandele in die V.S.A. begin al hoe meer na kontant kyk by die beoordeling van finansiële state, omdat hulle bekommerd is oor die netto inkomstesyfer in die state (Epstein; 1993: p19). In Suid-Afrika word daar ook van 'n hele paar twyfelagtige rekeningkundige tegnieke gebruik gemaak (Clarke; 1993: p30).

Ek dink nie die bestaan van die gebruik van rekeningkundige ingenieurswese in Suid-Afrika kan betwyfel word nie alhoewel die omvang daarvan onseker is. Dit is egter nou belangrik om eers na die verskillende metodes van rekeningkundige ingenieurswese te kyk wat gebruik word.

2.3 METODEDES VAN RI

2.3.1 Inleiding

Gepubliseerde literatuur oor die metodes van rekeningkundige ingenieurswese is baie skaars. In 1992 het Terry Smith egter 'n boek oor die onderwerp gepubliseer. Sy boek, *Accounting for Growth*, is gebaseer op 'n verslag met dieselfde naam deur UBS Phillips and Drew.

In die boek voer Smith aan dat die meeste van die groei in Britse maatskappye se winste in die jare tagtig nie as gevolg van verhoogde produktiwiteit was nie. Hy stel dit dat winste eerder gegenerer was deur die manipulasie van syfers deur rekeningkundige ingenieurswese.

Hy bespreek verder 12 metodes van rekeningkundige ingenieurswese wat deur maatskappye gebruik word om winste te manipuleer nl:

- Voorverkrygingsafskrywings.
- Verkope van bates.
- Uitgestelde verpligtinge.
- Buitengewone en abnormale items.
- Buite-balansstaatfinansiering.
- Voorwaardelike aanspreeklikheid.
- Kapitalisering van koste.
- Handelsmerkrekeningkunde.
- Verandering in waardeverminderingsbeleid.
- Omskepbare aandele en opsies.
- Pensioenfondstrekeningkunde.
- Wisselkoersverskille.

In 'n ondersoek van meer as 200 Britse maatskappye, genoteer op die internasionale effektebeurs, het Smith bevind dat amper al die maatskappye wat 5 of meer van die 12 tegnieke gebruik, se aandeelpryse wissel van onbevredigend tot ramspoedig.

2.3.2 Situasië in Suid-Afrika

Van die tegnieke wat die meeste in Suid-Afrika gebruik word (Clarke; 1993: p30) is:

- Buite-balanstaatfinansiering.
- Nie-openbaarmaking van inligting (A 15a van die Maatskappywet).
- Voorwaardelike aanspreeklikheid.
- Pensioenfondsrekeningkunde.
- Afskrywing van bates teen aanspreeklikheid.
- Omskepbare ekwiteite.

Buitengewone items is die metode wat die meeste in Suid-Afrika gebruik word om verdienste per aandeel te beïnvloed (Hemus & Tindall; 1993: p25).

2.4 BESPREKING VAN RI-METODES

2.4.1 Voorverkrygingsafskrywings

Die basiese rekeningkundige beginsel vir oornames is dat die bate van die filiaal wat verkry word in die koper se boeke ingebring word teen markwaarde, eerder as teen die boekwaarde wat dit gehad het in die filiaal se boeke. Die verskil tussen die markwaarde en die aankoopprys verteenwoordig klandisiewaarde. Die gevaar wat nou bestaan is dat die koper deur middel van rekeningkundige ingenieurswese koste of toekomstige potensiële koste kan absorbeer ten koste van die balansstaat (afskrywings teen balansstaat) en daardeur toekomstige winste opstoot.

In beginsel kan dit gedoen word vir voorraad- en debiteure-afskrywings ook.

As vaste bates se markwaarde verminder word voor verkryging, het dit naastenby dieselfde effek. Dit manifesteer in die inkomstestaat deur hoër winste as gevolg van die laer waardevermindering op 'n kleiner batewaarde. Indien die bate later weer teen 'n bedrag hoër as die evaluasiewaarde tydens verkryging verkoop word, word 'n papierwins gerealiseer.

Die eerste drie metodes is potensieel belangrik in Suid-Afrika in die lig van onlangse mode van ontbondeling van groot maatskappye.

2.4.2 Verkope

Net soos verkrygings geleenthede skep om toekomstige winste te verhoog, is verkope eintlik die ander kant van dieselfde munt. Dit is algemeen vir maatskappye om winste met verkope van vaste bates deur die inkomstestaat te verantwoord (Smith; 1994: p43).

Wanneer dele van die besigheid as filiale verkoop word, moet die winste en verliese in die verkoper se boeke getoon word tot die effektiewe datum waarop dit verkoop is. Die wins of verlies met verkoop moet dan bepaal word deur die filiaal se netto batewaarde met die verkoopprijs te vergelyk. Die gevaar hier is ook dat winste deur die inkomstestaat erken word of dat winste en verliese nie op die effektiewe datum erken word nie.

2.4.3 Uitgestelde vergoeding

Uitgestelde vergoeding het, soos die eerste twee metodes, ook betrekking op verkrygings en verkope. Wat tipies hier kan gebeur is dat die maatskappy wat die aankope doen 'n aanvanklike betaling maak met

verdere betalings in kontant of aandele gebaseer op toekomstige winste van die filiaal.

Die probleem vir die aankoper is om hierdie betalings in die toekoms te finansier. Kontantvloei is nodig vir kontantbetalings en die uitreiking van ekstra aandele as betaling is 'n duur vorm van finansiering.

2.4.4 Buitengewone en abnormale items

Die belangrikste rede waarom hierdie items misbruik word spruit uit die manier waarop verdienste per aandeel bereken word en die gepaardgaande belangrikheid van verdienste per aandeel. Omdat buitengewone items nie in berekening gebring word by die berekening van verdienste per aandeel nie bestaan die versoeking om uitgawes, wat eintlik onder abnormale items hoort, onder buitengewone items in te sluit. Die effek hiervan is 'n hoër inkomstesyster waardeur gedeel word om verdienste per aandeel te bereken. Die gevolg hiervan is 'n hoër verdienste per aandeel vir die maatskappy.

Maatskappye wat hierdie metode gebruik sal derhalwe inkomste onder abnormale items hou en uitgawes onder buitengewone items probeer insluit.

In die Suid-Afrikaanse opset is hierdie 'n baie belangrike metode om van kennis te neem.

2.4.5 Buite-balansstaatfinansiering

Die doel van buite-balansstaatfinansiering is gewoonlik om 'n maatskappy se ongunstige hefboomverhouding te verbeter sodat dit lyk asof bates hoër is vergeleke met laste as wat werklik die geval is.

Die grootste geleentheid vir buite-balansstaatfinansiering bestaan vir houer-maatskappye wat 'n filiaal beheer, maar dit word nie as 'n filiaal

gesien nie en gevolglik nie gekonsolideer in die groep se finansiële state nie.

Hierdie toestand ontstaan uit die skuiwergate in die definisie van 'n filiaal, waar 'n maatskappy in praktyk die meerderheid gewone aandele in 'n ander maatskappy kan hou en dit nie kwalifiseer as 'n filiaal nie, aangesien 'n derde party meer as 50% van die totale ekwiteitskapitaal hou.

'n Maatskappy kan nou 'n bate met sy gepaardgaande hoë finansiering oordra na dié geassosieerde maatskappy en sy hefboomverhouding verbeter.

Hierdie metode is ook belangrik in Suid-Afrika.

2.4.6 Voorwaardelike aanspreeklikheid

Net soos buite-balansstaatfinansiering behels voorwaardelike aanspreeklikheid ook dat laste nie op die balansstaat getoon word nie. Die aanspreeklikheid hang af van die plaasvind of nie-plaasvind van 'n onsekere toekomstige gebeurtenis wat dikwels nie gekwantifiseer kan word nie.

Voorwaardelike aanspreeklikheid is gewoonlik die laaste of voorlaaste aantekening tot die finansiële state van maatskappye in Suid-Afrika en bestaan hoofsaaklik uit 'n paar roetine reëls.

Dié item is egter potensieël baie gevaarlik. 'n Houermaatskappy wat byvoorbeeld 'n bankwaarborg gee vir 'n filiaal se oortrokke bankrekening kan baie maklik kontantvloeiprobleme op die lyf loop indien die waarborg afgedwing word.

2.4.7 Kapitalisering van koste

Die mees algemene koste wat gekapitaliseer word is rente. Een van die voor die hand liggende probleme hiermee is dat die balansstaat koste van 'n bate nou die markwaarde van die bate kan oorskry.

Die moontlikheid bestaan ook nou dat 'n maatskappy sy rentedekkings verhouding kan manipuleer. Hoe meer rente gekapitaliseer word, hoe minder rente word in die inkomstestaat getoon en dit veroorsaak 'n beter rentedekkingsverhouding.

Net soos rente kan sekere ander uitgawes, soos byvoorbeeld sekere onderhoudskoste gekapitaliseer word. Die gevaar bestaan dan altyd dat uitgawes in die inkomstestaat te laag getoon word en bates op die balansstaat te hoog getoon word.

2.4.8 Handelsmerkrekeningkunde

Handelsmerkrekeningkunde het sy ontstaan gehad in oornames, hoofsaaklik in die voedselvervaardiging en -verwerkingsbedryf (Smith; 1993: p116). Aan die een kant is die metode om 'n waarde aan 'n handelsmerk te koppel gesien as beskerming teen oornames op 'n relatiewe goedkoop manier. Aan die ander kant het maatskappye wat ander oorgeneem het, in handelsmerkwaardasie 'n metode gevind om hul balansstaat beter te laat lyk.

2.4.9 Veranderinge in waardevermindingsbeleid

'n Verandering in waardeverminderingmetode (nie koers nie) word toegelaat sonder dat dit 'n verandering in rekeningkundige beleid verteenwoordig. Die nuwe metode moet net die resultate van die maatskappy beter verteenwoordig. Winste kan dus verander word deur eenvoudig die verwagte ekonomiese lewe van 'n bate te verander.

2.4.10 Omskepbare aandele en opsies

Omskepbare aandele met aflossingsopsie verskaf 'n metode van finansiering, wat goedkoper is as vorige beskikbare metodes. Hierdie metode se voordeel word verkry uit 'n konstante styging in aandeelpryse omdat die maatskappy aandele kan uitreik teen 'n premie in afwagting dat pryse steeds sal styg.

Die maatskappy hoop dat die aflossingsopsie nie uitgeoefen word nie, maar dat dit omskep sal word in gewone aandele omdat stygende aandele die omskeppingspremie sal uitwis.

Aangesien die maatskappy nie aflossings verwag nie, is die gevaar dat hy nie voldoende voorsiening maak daarvoor nie. Die koste of potensiele koste van finansiering word dus te laag aangetoon.

2.4.11 Pensioenfondstrekeningkunde

Surplusse in pensioenfondse ontstaan as die aktuariële waardasie van die fonds hoër is as die verwagte laste van die fonds. Hierdie surplus kan as 'n balansstaat item getoon word, of versprei word in die inkomstestaat oor die oorblywende dienslewe van die fonds se lede. Die maatskappy kan besluit om sy lede se bydraes te verminder met die bedrag. Waar die verspreide surplus groter is as die lede se gereelde bydraes kan selfs 'n krediet in die inkomstestaat ontstaan.

Die kritiese faktor is die akkuraatheid van alle ramings as gevolg van verskeie onbeheerbare veranderlikes wat daarop inwerk.

2.4.12 Wisselkoersverskille

Die voordeel van hierdie metode is dat dit winste verhoog, dikwels tot nadeel van die balansstaat.

2.4.13 Nie-openbaarmaking van inligting

Hierdie is spesifiek 'n Suid-Afrikaanse tegniek waar maatskappye gebruik maak van artikel 15A van die maatskappywet. Ingevolge dié artikel hoef maatskappye, met toestemming van die regering, sekere inligting oor die besigheid van die maatskappy of sy filiale nie te openbaar nie.

Die tegniek is meestal gebruik met betrekking tot buitelandse filiale in die sanksie-era (Clarke; 1993: p31). Die Staande Advieskomitee vir Maatskappywet het egter besluit dat dié skuiwergat toegemaak behoort te word en die artikel sal geskrap word.

Artikel 291(2) van die Maatskappywet voorsien egter ook vir die nie-openbaarmaking van sekere inligting van 'n filiaal in groepe se finansiële state. Dit geld waar die insluiting van die resultate van die filiaal misleiding sal veroorsaak of waar die besigheid van die twee maatskappye te veel verskil om as een geopenbaar te word.

2.5 SAMEVATTING

Sekere maatskappye, wêreldwyd en ook in Suid-Afrika, maak gebruik van 'n hele aantal tegnieke om syfers in hul finansiële state te manipuleer ten einde hul eie doelwitte te bereik.

Hierdie rekeningkundige ingenieurswese word gewoonlik binne die vereistes van die Wet en AARP gedoen. Die vereistes van AARP word egter wyd geïnterpreteer deur die opstellers van finansiële state en die ouditeure wat die state oudit.

Die gevolg hiervan is dat die inligting in finansiële state beleggers kan mislei om swak ekonomiese besluite te neem.

Al die inligting wat benodig word vir die ontleders van finansiële state word weergegee in die state van Suid-Afrikaanse maatskappye. Ontleders moet egter bewus wees van die tegnieke wat gebruik word en state op die korrekte manier lees om die gebruik daarvan op te spoor.



HOOFSTUK 3

DOELWITVRAELYS

3.1 INLEIDING

Die doel met die vraelys is om te bepaal vir watter gebruikers van finansiële state die state opgestel word. Dit sal 'n duideliker beeld verskaf oor moontlike oogmerke met die opstel van die finansiële state.

Gewoonlik word die inkomstestaat of die balansstaat positief beïnvloed deur rekeningkundige ingenieurswese en in sekere gevalle word die een positief beïnvloed tot nadeel van die ander.

Indien die opsteller van finansiële state se oogmerk byvoorbeeld is om finansiering te verkry sal hy probeer om die verskaffers van finansiering te beïndruk. Aangesien die verskaffers van finansiering hoofsaaklik na sekuriteit op die bankstaat soek sal die opsteller sy balansstaat so positief as moontlik wil aanbied, al is dit dalk ten koste van sy inkomstestaat.

Vervolgens word 9 vrae bespreek wat die ontleder van state kan help om te bepaal met watter oogmerk die finansiële state opgestel is.

3.2 WIE IS DIE AANDEELHOERS EN WAT IS HULLE INVLOED?

Die eerste stap is om die samestelling van die aandeelhouers te bepaal. By groot publieke maatskappye met baie aandeelhouers kan een

aandeelhouer met 'n 10% aandeelhouding die mag hê om direkteure aan te stel en om strategiese beleid te beïnvloed.

By kleiner maatskappye met minder aandeelhouders is 'n groter persentasie gewoonlik nodig om 'n wesenlike invloed te he.

Deur te bepaal wie die invloedryke aandeelhouer/s is en wat sy of hulle persoonlike doelwitte en voorkeure is, kan die ontleder 'n idee kry van die aandeelhouders se oogmerke met die maatskappy en aanbieding in die state.

3.3 WIE IS DIE BESTUUR EN HOE IS DIT SAAMGESTEL?

Deur die bestuur te ontleed, te bepaal wie die beïnvloeders is en wat hulle persoonlike doelwitte is, kan weereens vir die ontleder waardevolle inligting verskaf oor die oogmerke waarmee die finansiële state opgestel is.



Kyk veral vir na die uitsprake van nuwe besture om winste te maksimeer of om 'n ander oorhoofse strategie te volg. 'n Nuwe bestuur sal baie keer neig om 'n groei in wins te toon ten einde hulle aanstelling te regverdig.

Die besture van kleiner maatskappye wat ook die aandeelhouders is, sal dikwels besluit om so min as moontlik wins te toon vir belasting doeleindes en die balansstaat gesond hou ten einde hul kredietverskaffers gelukkig te hou.

3.4 HOE IS DIE MAATSKAPPY FINANSIEËL GESTRUKTUREER?

Maatskappye wat gebruik maak van 'n hoë persentasie vreemde kapitaal sal voortdurend onder druk wees om hul balansstaat te verbeter ten einde die verskaffers van die vreemde kapitaal gelukkig te hou.

Maatskappye met laer hefboomverhoudings kan weer bekostig om die inkomstestaat positief te beïnvloed ten koste van die balansstaat.

Bogenoemde aannames geld gewoonlik waar die verskaffers van finansiering normale handelsbanke of finansieringshuise is. Waar die kredietgewers egter buite hierdie normale besigheid val, byvoorbeeld 'n privaatpersoon, moet die ontleder van die state dit in ag neem.



3.5 WAT IS DIE WINS EN VPA GESKIEDENIS?

'n Lyngrafiek van die maatskappy se wins en verdienste per aandeel oor die voorafgaande vyf tot tien jaar is handig om 'n tendens raak te sien.

'n Geleidelike positiewe tendens, veral in verdienste per aandeel, dui waarskynlik op die manipulasie van inkomstestaatsyfers om beleggers en potensiële beleggers te beïnvloed.

3.6 WAT IS DIE MAATSKAPPY SE OORHOOFSE STRATEGIE?

Die ontleder moet vasstel of die maatskappy se oorhoofse strategie groei, stabiliteit of omdraai steun.

'n Strategie gemik op groei, veral integrasie of nuwe kapitaalintensiewe projekte vereis kapitaal. Die opstellers van die finansiële state sal 'n gesonde balansstaat moet aanbied ten einde verskaffers van finansiering te oortuig van hulle sekuriteit.

'n Strategie gemik op stabiliteit sal dikwels lei tot die geleentheid om die inkomstestaat positief te beïnvloed ten einde aandelepryse stabiel te hou.

'n Omdraaistrategie soos die vermindering van personeel, herstrukturering en verandering in strategieë vereis gewoonlik kapitaal op die korttermyn met 'n positiewe groei in wins en verdienste per aandeel groei daarna, ten einde 'n positiewe persepsie te skep.

3.7 IN WATTER FASE IS DIE EKONOMIESE- EN BEDRYF SIKLUSSE?

Stel vas in watter fase die internasionale, en nasionale ekonomieë is asook die bedryf waarin die maatskappy handel dryf. Vergelyk dit met die maatskappy se wins en verdienste per aandeel oor 'n aantal jare.

Opstellers van finansiële state is onder meer druk om winste te toon in resessie- en depressiefases van die ekonomiese siklus.

3.8 WAS DAAR ONLANGS N BESTUURSOORNAME OF IS DAAR EEN IN DIE VOORUITSIG?

Indien 'n bestuursoorname beplan word sal die aandeelhouers gewoonlik 'n positiewe balansstaat verkies ten einde meer te vra vir die besigheid. Die bestuur aan die ander kant sal die teenoorgestelde verkies, maar sal gewoonlik ook probeer om 'n positiewe balansstaat te toon.

Die rede hiervoor is dat hulle op die laaste finansiële state beoordeel sal word deur die verskaffers van finansiering en dat hulle tussentydse bestuursverslae kan gebruik as onderhandelingshefboom ten einde 'n beter prys vir die besigheid te bepaal.

Maatskappye wat pas deur 'n bestuursoorname is sal ook onder druk wees vanaf die verskaffers van finansiering om 'n gesonde balansstaat te handhaaf.

3.9 HET DIE MAATSKAPPY PAS ONTBONDEL OF IS DIT VAN VOORNEME OM TE ONTBONDEL?

Die meeste maatskappye wat deur 'n ontbondelingsproses is het die taak om 'n gesonde verdienste per aandeel en winste te toon ten einde die ontbondeling te regverdig en aandeelhouers en potensiële beleggers gelukkig te hou.

3.10 HET DIE MAATSKAPPY ONLANGS BUITENGEWONE PUBLISITEIT GEHAD?

Die ontleder van finansiële state moet verseker dat hy op hoogte is van enige onlangse buitengewone publisiteit wat 'n maatskappy onder ondersoek ontvang het. Die aard en inhoud van die publisiteit kan aandui vir wie die maatskappy sy finansiële state opstel.

3.3 SAMEVATTING

Die ontleder van finansiële state moet seker maak dat hy weet wat die belangrikste oogmerke is van die opstellers van die state.

Deur antwoorde op die volgende vrae te verkry kan afleidings gemaak word oor die opstellers van die state se belangrikste oogmerke:

- Wie is die aandeelhouders en wat is hulle invloed?
- Wie is die bestuur en hoe is hulle saamgestel?
- Hoe is die maatskappy finansiëel gestruktureer?
- Wat is die voorafgaande wins en verdienste per aandeel?
- Wat is die maatskappy se oorhoofse strategie?
- In watter fase is die ekonomiese en bedryfsiklusse?
- Was daar onlangs 'n bestuursoorname of is daar een in die vooruitsig?
- Het die maatskappy onlangs ontbondel of is dit van voorneme om te ontbondel?
- Het die maatskappy onlangs buitengewone publisiteit gekry?

Die ontleder van die state kan nou besluit of die state opgestel word vir beleggers en beleggersadviseurs, krediteure en leweransiers, regeringsinstansies, werknemers of verskaffers van finansiering of 'n kombinasie van bogenoemde.

HOOFSTUK 4

ONTLEDINGSMODEL

4.1 INLEIDING

Die ontleder van die finansiële state het nou die vraelys, soos voorgestel in Hoofstuk 3, ingevul en het 'n goeie idee van die opsteller se oogmerke met die aanbieding in die state.

Met hierdie oogmerke in gedagte kan die finansiële state nou verder ontleed word aan die hand van die model.

4.2 LEES DIE STATE VAN AGTER NA VOOR

Alhoewel sekere inligting statutêr in 'n sekere volgorde verskaf moet word is die totale volgorde van die finansiële state nie toevallig nie. Die state word deur kundiges opgestel om die leser daarvan te beïndruk. As die finansiële state van voor af gelees word sal die leser bombardeer word met glansblaaie met fotos, indrukwekkende grafieke en statistieke en 'n voorsittersverslag wat die prestasie van die maatskappy met hoë lof beskryf.

Vermyn al die glans en begin deur die state van agter na voor te lees. Die belangrike inligting naamlik die aantekeninge tot die finansiële state is agter. Die laaste aantekening is juis gewoonlik voorwaardelike aanspreeklikheid - 'n potensiële slagat.

Werk deur die aantekeninge na vorentoe. Doen berekeninge en kruisverwys deurentyd na die balansstaat en inkomstestaat om te probeer vasstel of rekeningkundige ingenieurswese gebruik word.

Teen die tyd dat die inkomstestaat en gekonsolideerde balansstaat bereik word moes daar al 'n hele paar keer na hulle kruisverwys gewees het.

4.3 LEES DIE REKENINGKUNDIGE BELEID

Die inligting oor rekeningkundige beleid is baie belangrik en moet noukeurig gelees word. Let op enige veranderinge in beleid en oorweeg watter invloed dit op wins en verlies sal hê. Vergelyk die inligting met kennis reeds verkry uit die aantekeninge, terwyl die belangrikste rekeningkundige tegnieke steeds in gedagte gehou word.

Vergelyk ook die huidige jaar se beleid met die van die vorige jaar.

4.4 BESTUDEER DIE STATE DEUR SEKERE FILTERS

Finansiële state verskaf heelwat syfers wat gebruik kan word om die state te toets. Die idee met die verhoudings of toetse is nie net om antwoorde te verskaf nie, maar om vrae te genereer. 'n Paar van die toetse wat gebruik kan word is as volg:

4.4.1 Netto inkomste teenoor kontant behou

Vergelyk netto inkomste/uitgawes met die gemiddelde netto kontant/krediet deur gemiddeldes te kry van die openings- en sluitings-syfers op die balansstaat. Sekere faktore soos seisoenale kontantvloei of die effek van oornames kan die syfer verwing. Groot verskille in die verhouding moet egter bevraagteken word.

4.4.2 Belastingaanslag

Belasbare inkomste verskil van rekeningkundige inkomste omdat dit 'n ander soort antwoord ten doel het. Waar dit egter wesenlik verskil beteken dit dat die Ontvanger se siening van die maatskappy se inkomste baie verskil van die maatskappy se eie siening.

4.4.3 Waardeverminderingstydperk en -beleid

'n Ander nuttige bestuderingstegniek vir veranderinge in die waardeverminderingstydperk en -beleid is om die persentasie bates wat elke jaar gedepresieer word, te vergelyk oor 'n paar jare.

'n Tendens van 'n groter persentasie bates wat jaarliks gedepresieer word laat interessante vrae ontstaan en kan op rekeningkundige ingenieurswese dui.

4.4.4 Oordragte tussen die balansstaat en inkomstestaat

As gevolg van die aandag wat die beleggingsgemeenskap aan verdienste per aandeel gee, is maatskappye in die versoeking om tegnieke te gebruik wat winste verhoog ten koste van die balansstaat.

Een manier om vas te stel of 'n maatskappy hieraan skuldig is, is om die beweging in netto batewaarde oor 'n paar jaar te bereken. Dit word gedoen deur aandeelhouersfondse te deel deur die aantal aandele wat elke jaar uitgereik is. As die netto batewaarde dieselfde bly of daal, terwyl winste styg, is die kans goed dat rekeningkundige ingenieurswese gebruik word.

4.5 KONTANT IS KONING

Winste kan geskep word deur rekeningkundige ingenieurswese, maar kontant kan nie geskep word nie. Wins is 'n mening - kontant is 'n feit. 'n Tekort aan kontant is die rede waarom besighede misluk, nie 'n tekort aan rekeningkundige wins nie.

Die berekening van kontantvloei is egter nie altyd so voor die hand liggend nie. Een berekening wat dikwels gebruik word is om toedeelbare inkomste na belasting en dividende te gebruik en waardevermindering terug te tel om kontant wat voortgebring is te bepaal.

Hierdie berekening neem egter nie alle faktore in ag nie. Dit is reg dat waardevermindering teruggetel word, aangesien dit 'n nie-kontantitem is. Kapitale uitgawes en bedryfskapitaal moet egter afgetrek word in die berekening. Indien bedryfskapitaalbehoefte vinniger sou toeneem as wins, sal daar 'n netto kontant-uitvloei ontstaan. Volgens die eerste berekening sou kontantvloei as 'n invloei aangedui gewees het.

Die kontantvloei staat is dus 'n belangrike hulpmiddel vir die belegger.

4.6 RI-TOETS

Die volgende stap is om die state te toets aan die hand van die volgende RI-tegnieke:

4.6.1 Voorverkrygingsafskrywings

Hierdie metode is belangrik om te ondersoek waar enige oornames plaasgevind het. Indien die doelwitvraelys daarop dui dat die opsteller

aandeelhouders en beleggers sal wil beïndruk, bestaan die geleentheid hier om toekomstige uitgawes te absorbeer ten koste van die balansstaat.

Die gevolg van die metode is dat toekomstige winste verhoog word.

4.6.2 Verkope

Waar vaste bates of dele van die besigheid as filiale verkoop is bestaan die geleentheid om winste deur die inkomstestaat te erken.

Die gevolg van die metode is dat huidige winste verhoog word.

4.6.3 Uitgestelde vergoeding

Uitgestelde vergoeding het ook betrekking op verkrygings en verkope, maar die gevolg is eerder 'n verhoging in risiko om toekomstige verpligtinge te kan nakom.

Die gevolg van die metode is dat huidige winste moontlik te hoog is.

4.6.4 Buitengewone en abnormale items

Die hooforsaak vir misbruik van die metode is om die syfer vir verdienste per aandeel te beïnvloed. Die metode word dikwels gebruik deur maatskappye wat 'n reëlmatige groei in verdienste per aandeel wil wys.

Opstellers wat huidige en potensiële beleggers wil beïndruk het hier die geleentheid om dit te doen sonder om die balansstaat te beïnvloed.

4.6.5 Buite-balansstaatfinansiering

Waar 'n maatskappy effektief 'n ander maatskappy beheer, maar minder as 50% van die aandele hou, kan bates met hoë gepaardgaande finansiering oorgedra word na die geassosieerde maatskappy.

Opstellers van finansiële state wat graag 'n beter hefboomverhouding aan hul verskaffers van finansiering wil toon, sonder om inkomste te beïnvloed, sal die metode oorweeg.

Die gevolg van die metode is dat die maatskappy se hefboomverhouding verbeter word.

4.6.6 Voorwaardelike aanspreeklikheid

Voorwaardelike aanspreeklikheid behels dat moontlike laste nie op die balansstaat getoon word nie. Die gevolg hiervan is 'n beter hefboomverhouding en 'n verhoogde onbekende risiko met belegging.

4.6.7 Kapitalisering van koste

Die oorkapitalisering van uitgawes soos onderhoudskoste en rente sal tot gevolg hê dat uitgawes in die inkomstestaat te laag getoon word en dat wins dus te hoog is.

'n Ander belangrike doel van die metode is egter om die rentedekkingsverhouding te verbeter. Dit sal feitlik uitsluitlik op die verskaffers van finansiering gerig wees.

Ontleed die kapitalisering van rente noukeurig waar die maatskappy se hefboomverhouding ongeveer 1.5 keer die dekkingsgrens is.

4.6.8 Handelsmerkrekeningkunde

Waar 'n maatskappy begin om 'n waarde aan sy handelsmerke te koppel, of om die waarde te verhoog moet vrae dadelik gevra word oor die bate-/lasteverhouding.

Waar die moontlikheid van 'n oorname van die maatskappy bestaan, is hierdie 'n metode wat die opsteller kan gebruik om sy batewaarde te

verhoog. Dit moet help om 'n aggresiewe oorname af te weer, of om 'n hoër prys te verkry vir die maatskappy, gebaseer op netto bate waarde.

Die gevolg van handelsmerkrekeningkunde is dat die bates op die balansstaat te hoog getoon kan word.

4.6.9 Verandering in waardeverminderingsbeleid

Deur die waardeverminderingsmetode te verander kan 'n maatskappy sy uitgawes verminder en die bates teen 'n hoër netto boekwaarde toon.

Ontleders moet veral let op gebruik van die metode waar afskryfbare bates 'n wesenlike deel van totale bates verteenwoordig.

4.6.10 Omskepbare aandele en opsies

Hierdie metode het weer te doen met die toekomstige risiko van die maatskappy. Dit gebeur as die opsteller nie voldoende voorsiening maak vir 'n potensiële toekomstige uitgawe nie.

Die gevolg van die metode is dat uitgawes op die inkomstestaat te laag aangetoon word.

4.6.11 Pensioenfondsrekeningkunde

Waar 'n surplus in 'n maatskappy se pensioenfonds ontstaan moet die verantwoording daarvan fyn dopgehou word. Alhoewel dit toelaatbaar is om dit as krediet in die inkomstestaat te toon, hou dit 'n risiko in omdat dit later weer teruggeskryf sal moet word.

'n Maatskappy wat desperaat is om sy wins te verhoog sal die pensioenfondswins ten volle as inkomste op die inkomstestaat erken.

4.6.12 Wisselkoersverskille

Suid-Afrika het oor die algemeen hoër rentekoerse as die sterk geldeenhede soos die Amerikaanse Dollar en die Britse Pond. 'n Suid-Afrikaanse maatskappy kan dus 'n Dollar-bedrag leen teen die laer Amerikaanse rentekoers en dit in Suid-Afrika belê teen 'n hoër rentekoers.

Die gevolg hiervan is dat 'n netto rentewins gemaak word en op die inkomstestaat getoon kan word. Die probleem ontstaan egter wanneer die Dollarbedrag terug betaal moet word. Die rentekoers verskille het in die eerste plek bestaan omdat die Rand 'n depresieerende eenheid teen die Dollar is en die Suid-Afrikaanse maatskappy sal waarskynlik meer kapitaal moet terugbetaal as wat hy geleen het. Die rentekoersverskil wat hiervoor moes vergoed is egter al klaar as wins getoon in 'n vorige tydperk.

'n Ander metode wat Suid-Afrikaanse maatskappye kan gebruik spruit uit die gebruik van voorwaartse kontrakte. Waar 'n maatskappy al sy toekomstige bestellings onder 'n sambreel van voorwaartse kontrakte verskans, kan 'n invoerder sy voorraad in die boeke toon teen 'n omskakelingskoers wat minder as die effektiewe koers is. Dit het tot gevolg dat voorraad en oorsese krediteure te laag getoon word (dus geen invloed op die balansstaat nie) en dat winste van die voorraad wat verkoop is te hoog is. Die situasie sal eers reggestel word wanneer die voorwaartse kontrak verstryk en 'n negatiewe kontantvloei ontstaan.

Die gevolg van die metode is dat winste in 'n gegewe periode te hoog getoon word.

4.6.13 Nie-openbaarmaking van inligting

Die nie-openbaarmaking van inligting, kragtens Artikel 291(2) van die Maatskappywet, kan 'n maatskappy se syfers basies op enige manier

beïnvloed. Die enigste remedie wat die ontleder hier het is om die maatskappy se aandeelhouing in geassosieerde en nie-verwante maatskappye te fynkam om te verseker dat alle inligting gekonsolideer is in die state.

Waar sekere filiale se inligting nie gekonsolideer is nie moet die filiaal afsonderlik ontleed word en die invloed daarvan op die houermaatskappy oorweeg word.

4.7 GEVOLGTREKKING

Die ontleder van die finansiële state kan nou die aantal RI-metodes wat deur die opsteller van die state gebruik is sommeer.

Indien die maatskappy van 5 of meer van die metodes gebruik gemaak het, is die risiko om in die maatskappy te belê hoog.

Selfs as die maatskappy net 3 of 4 van die metodes gebruik het, maar dit in ooreenstemming is met die oogmerke van die opstellers soos in die doelwitvraelys moet die belegger versigtig wees.

Die ontleder moet die wesenskap van die gebruikmaking van elke metode oorweeg, voordat dit as 'n RI-metode gelys word. 'n Maatskappy kan byvoorbeeld 5 metodes gebruik, maar 2 van die metodes het 'n baie klein invloed op die totale omvang van die syfers.

4.8 SAMEVATTING

Die ontleder van finansiële state kan, nadat hy besluit het vir wie die state opgestel is die RI-model gebruik om te bepaal of die maatskappy sy syfers gemanipuleer het.

Die RI-model bestaan uit die volgende stappe:

- Lees die state van agter na voor
- Lees die rekeningkundige beleid
- Bestudeer die state deur sekere filters
- Bepaal die kontant wat werklik gegenereer is
- Bepaal die aantal RI-metodes wat gebruik is
- Maak gevolgtrekkings oor die mate waarop daar op die syfers vertrou kan word.

Die resultate van die RI-toets, met die doelwitvraelys in gedagte, kan nou verder saam met die strategiese kontrolelys oorweeg word. Eers nadat dit gedoen is sal die ontleder 'n geheelbeeld hê oor die risiko van die maatskappy waarin hy wil belê.



HOOFSTUK 5

STRATEGIESE KONTROLELYS

5.1 INLEIDING

Die doelwitvraelys stel die gebruiker van finansiële state in staat om die oogmerk waarmee die state opgestel is te identifiseer. Dit help om die syfers in die state beter te verstaan en te interpreteer.

Die RI-model maak hoofsaaklik staat op 'n kwantifisering van syfers in die finansiële state. Dit is egter my mening dat daar na sekere strategiese faktore ook gekyk moet word ten einde 'n holistiese beeld van die besigheid en die syfers te verkry. Die strategiese kontrolelys is ontwerp om 'n verdere dimensie tot die ontleding van finansiële state te bied.

Mens kan eintlik sê dat die finansiële syfers die skelet van die besigheid is. Die doelwitvraelys help om die rede vir die bou van die skelet te bepaal, terwyl die strategiese kontrolelys die vleis aan die skelet identifiseer. Tesame vorm die model die voorkoms en persoonlikheid van die besigheid. Die afwesigheid van die strategiese dimensie laat die ontleder dus met 'n onvolledige beeld van die maatskappy.

Daar is talle strategiese faktore waaraan 'n maatskappy gemeet kan word. Die faktore wat hier bespreek word is egter die belangrikste strategiese faktore uit die oogpunt van die belegger wat die finansiële state ontleed en komplementeer die vraelys en model.

5.2 BESTUUR

Die ontleder het reeds 'n goeie idee van die bestuur uit die doelwitvraelys verkry. Dit is egter belangrik om in meer diepte na die dag to dag bestuur van die maatskappy te kyk.

Die doel hier is om 'n risikoprofiel van die bestuurspan saam te stel deur hulle onderskeie en gesamentlike ervaring, kundigheid, stabiliteit en motivering te ontleed.

Dit is belangrik vir die sukses van 'n onderneming dat die bestuurspan gebalanseerd is en beskik oor die nodige bemarkings-, finansiële-, en tegniese kennis. Die afwesigheid van elk van hierdie elemente verhoog die risiko van belegging in die maatskappy.

5.3 PERSONEEL



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Die ervaring, kundigheid en stabiliteit van die werksmag is net so belangrik as dié van die bestuur. Die personeelfaktor is veral belangrik by tegniese en gespesialiseerde maatskappye.

Evalueer ook die verhouding tussen die personeel en bestuur deur te kyk na moontlike polarisering deur vakunies, stakings, bedryfsongelukke ens.

Arbeidsintensiewe ondernemings met 'n geskiedenis van arbeidsonrus sal uiteraard 'n hoër risiko tot gevolg hê. Hoe meer stabiel en kundig die werksmag, hoe beter die maatskappy se kanse op sukses.

5.4 KAPITAALSTRUKTUUR EN -RENTEDEKKING

Die kapitaalstruktuur is reeds in die doelwitvraelys ontleed. Die algemene reël hier is dat vreemde kapitaal van meer as 50% die risiko verhoog en dat 'n rentedekking van 1.5 tot 2 keer per jaar in so 'n geval moeilik haalbaar is. 'n Maatskappy met 'n jaarlikse rentedekking van minder as 1.5 is gewoonlik 'n hoë beleggingsrisiko.

5.5 KONTANTGESKIEDENIS

Die vermoë van die onderneming om kontant te genereer sal bepaal of dit 'n sukses is of nie. Die bepaling van die kontant genereer in die verlede, volgens die metode in 4.5, kan waardevolle inligting verskaf.

Indien die maatskappy 'n lang geskiedenis het van kontant verbruik eerder as kontant genereer en daar nie enige verandering was nie, moet die langtermynvoortbestaan van die maatskappy ernstig bevraagteken word. Die risiko van manipulasie van finansiële syfers by so 'n onderneming is baie hoog.

5.6 AARD VAN DIE PRODUK OF DIENS

Die aard van die maatskappy se produk of diens kan die risiko wesenlik beïnvloed. 'n Maatskappy wat byvoorbeeld een gespesialiseerde produk vervaardig het 'n hoër inherente produkrisiko as 'n maatskappy met 'n gediversifiseerde produkreeks.

Die ontleder moet ook die tegnologiese risiko van die produk of diens oorweeg en die gepaardgaande ondersteuningsdiens. 'n Gespesialiseerde produk het die nodige spesialissondersteuning en -diens nodig. Die afwesigheid daarvan verhoog die bedryfsrisiko van die onderneming.

5.7 DEBITEURE

Die samestelling van kliënte kan 'n groot rol in die sukses van 'n onderneming speel. Maatskappye wat verkoop aan kliënte met 'n sterk bedingingsmag loop uiteraard 'n hoër risiko as 'n maatskappy wat minder afhanklik is van sy kliënte.

Die ander belangrike riglyn wat die ontleder kan gebruik is die mate waartoe die maatskappy se finansierders finansiering verskaf op grond van die debiteureboek. Vir 'n normale oortrokke fasiliteit is 50% en meer van die debiteureboek 'n goeie persentasie en vir faktorering is 80% en meer 'n goeie persentasie.

Die verskaffers van krediet ontleed die debiteuresamestelling en kredietwaardigheid as geheel en verdiskonteer die inligting in die persentasie sekuriteit op die debiteureboek.

Indien die maatskappy se fasiliteite gebaseer is op laer persentasies, moet rooiligte begin flikker ten opsigte van die sekuriteit wat die maatskappy kan bied om sy verpligtinge na te kom.

5.8 BEMARKINGSPLAN EN -BEGROTING

Dit is belangrik om vas te stel of die maatskappy wat ondersoek word 'n duidelike bemarkingsplan het vir die toekoms en of dit 'n bewese geskiedenis van 'n weldeurdagte bemarkingsplan het.

Die verkoopsbegroting moet in lyn wees met prestasie van die verlede. Maatskappye wat begroot vir drastiese veranderings in verkoopsyfers, veral sonder 'n bewese verkoopsgeskiedenis, is 'n hoë-risikobelegging.

Indien die ontleder insae tot die maatskappy se vooruitbestellings kan kry en dit vergelyk met die verkoopsbegroting kan dit 'n goeie aanduiding wees van die haalbaarheid van die begroting.

Die afwesigheid van 'n bemarkingsplan en 'n realistiese begroting is 'n seker resep vir mislukking. Maatskappye sonder 'n bewese bemarkingsplan en begroting moet as 'n hoë risiko belegging gesien word.

5.9 ETIEK

Die etiese beeld van die maatskappy en die geskiedenis van dagvaardigings, swak betalings, hofsake en teruggestuurde tjeks moet ondersoek word.

Maatskappye wat hulself gereeld hieraan skuldig maak sal moeilik hul etiek verander.

Maatskappye met swak etiese rekords sal meer geneig wees om syfers in finansiële state te manipuleer en het 'n inherente hoër risiko.

5.10 LEWERANSIERS

Die ontleder moet ondersoek instel na die beskikbaarheid van die maatskappy se grondstowwe of produkaankope en die vervangbaarheid van leweransiers.

Probeer vasstel of die maatskappy gebind is aan langtermynaankoopkontrakte en watter mate van monopolie die leweransier het.

'n Situasië waar die aankope van skaars grondstowwe beveilig is teen 'n mededingende prys kan aan 'n maatskappy 'n deurslaggewende mededingende voordeel gee.

As 'n algemene reël is 'n stabiele en betroubare verskaffers-netwerk 'n groot voordeel vir enige onderneming, veral in industrieë waar die beskikbaarheid van produkte belangrik is vir verkope.

5.11 SAMEVATTING

Die finansiële ontleding van 'n maatskappy se finansiële state en die oogmerk waarmee dit opgestel is, is baie belangrik by die beoordeling van 'n maatskappy vir enige gebruiker.

Dit is egter my mening dat dit nie die enigste maatstaf by beoordeling behoort te wees nie. Die strategiese faktore wat 'n maatskappy beïnvloed moet saam met die finansiële syfers ontleed word. Dit sal die gebruiker in staat stel om 'n geheelbeeld van die maatskappy te verkry.

Die totale benadering sal die gebruiker van die state 'n beter idee gee van die mate waartoe hy op die finansiële syfers kan vertrou en hom in staat stel om 'n beter strategiese vooruitskatting vir die maatskappy te doen.

Die strategiese faktore wat oorweeg moet word nadat die RI-model toegepas is, is:

- Bestuur
- Personeel
- Kapitaalstruktuur en rentedekking
- Kontantgeskiedenis
- Aard van die produk of diens

- Debiteure
- Bemarkingsplan en -begroting
- Etiek
- Leweransiers



HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

6.1 GEVOLGTREKKING

In hoofstuk 1 is die doelwit gestel om 'n model te ontwikkel waarvolgens die gebruikers van finansiële state kan bepaal of hulle op die syfers kan vertrou of nie.

Uit die literatuurstudie het dit duidelik geword dat daar verskeie metodes bestaan om die syfers in finansiële state volgens sekere verhoudings en metodes te kwantifiseer. Daar is ook literatuur wat een stap verder gaan en die direkteursverslag saam met die state ontleed.

Daar bestaan egter baie min literatuur oor die holistiese ontleding van finansiële state, waar die kwantitatiewe ontleding saam met die oogmerk en strategiese faktore ontleed word.

Terry Smith se RI-model was 'n groot stap in die ontleding van finansiële state, waar gebruikers 'n duideliker beeld kry of hulle op die syfers kan vertrou of nie.

Die geheelbeeld van 'n maatskappy se finansiële state en besigheid sal egter eers verkry word wanneer daar na die strategiese faktore ook gekyk word. Dit het die potensiaal om aan die ontleder 'n totaal nuwe dimensie tot ontleding van state te bied.

Die totale model, bestaande uit die doelwitvraelys, RI-model en strategiese kontrolelys, bied aan die gebruiker 'n metode om te bepaal tot watter mate hy op die syfers kan vertrou.

Die feit dat die gebruiker die state uit die oogpunt van die opsteller probeer sien maak dit makliker om die syfers te begryp, terwyl die strategiese kontrolelys die gebruiker help om die besigheid beter te verstaan.

Die model bestaan uit kwantifiseerbare en 'n nie-kwantifiseerbare gedeeltes. Die antwoord op die totale model is steeds subjektief, maar sal aan die gebruiker genoeg rooiligte identifiseer om te weet wanneer die state misleidend is.

6.2 AANBEVELINGS



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Die moontlikhede vir verdere studie is basies tweeledig naamlik:

1. Die verdere ontwikkeling van die teoretiese deel van die model en die kwantifisering van die strategiese kontrolelys.
2. Die toepassing van die model op gelikwideerde maatskappye en 'n kontrolegroep.

Die kwantifisering van die strategiese vraelys hou veral interessante moontlikhede in. Dit sou nie die totaliteit en gevoel van die ontleding kan vervang nie, maar kan saam met die doelwitvraelys en RI-model 'n vinnige en akkurate oorsig oor die maatskappy as geheel verskaf.

Die finale toets van die model sal moontlik wees deur dit toe te pas op maatskappye wat deur gedwonge likwidasië gedenoteer is en die resultate te vergelyk met maatskappye wat huidige finansiële gesond is.

BIBLIOGRAFIE

Boeke

SMITH T; 1992; *Accounting for Growth - Stripping the camouflage from company accounts*; Terry Smith; Londen.

EMORY WILLIAM C & COOPER DONALD R; 1991; *Business Research Methods; Fourth edition*; Richard D Irwin Inc; VSA.

RENDER BARRY & STAIR RALPH M; 1991; *Quantitative Analysis for Management; Fourth edition*; Allyn and Bacon; VSA.

CHASE RICHARD B & AQUILANO NICHOLAS J; 1992; *Production and Operations Management: A Life Cycle Approach; Sixth edition*; Richard D Irwin Inc; VSA.

HELLRIEGEL DON & SLOCUM JOHN W.; 1989; *Management; Fifth edition*; Addison-Wesley Publishing company; VSA.

BATEMAN THOMAS S & ZEITHAML CARL P; 1993; *Management Function & Strategy; Second edition*; Richard D Irwin Inc; VSA.

KOTLER PHILLIP & ARMSTRONG GARY; 1991; *Principles of Marketing; Fifth edition*; Prentice Hall International Inc; VSA.

CORREIA CARLOS, FLYNN DAVID, ULIANA ENRICO & WORMALD MICHAEL; 1989; *Financial Management; Second edition*; Juta & Co; Suid-Afrika.

WHEELEN THOMAS L & HUNGER DAVID J; 1989; *Strategic management and business policy; Third edition*; Addison-Wesley Publishing Co; VSA.

PEARCE JOHN A & ROBINSON RICHARD B; 1991; *Formulation, Implimentation & Control of Competitive Strategy; Fourth edition*; Richard D Irwin Inc; VSA.

THOMPSON ARTHUR A & STRICKLAND A.J.; 1990; *Strategic management: Concepts and cases; Fith edition*; Richard D Irwin Inc; VSA.

Artikels

KING DAVE; *Last throes - The demise of Tollgate should have been foreseen in 1991*; *Finance Week*; Januarie 5 1994; p 13.

CLARKE KERRY; *Caught off balance - Minefield of questionable techniques in financial statements*; *Finance Week*; November 25 - Desember 1 1993; p 30 - 31.

HEMUS CHRIS & TINDALL MARK; *Creative abuse - To fly in the face of fair presentation of company accounts*; *Finance Week*; November 25 - Desember 1 1993; p 25.

SCHIFF JONATHAN B & MAY CLAIRE B.; *Are management reports on financial statement responsibility useful?*; *Management Accounting*; September 1991; p 41 - 46.

EPSTEIN MARC & PAVA MOSES; *How useful are corporate annual accounts?*; *Business Credit*; April 1993; p 18 - 19.

BERNSTEIN LEOPOLD; *A financial analyst's guide to accounting quality*; *Business Credit*; Februarie 1992; p 11 - 13.

HOOKS KAREN & MOON JAMES; *Applications in accounting*; *Journal of Accountancy*; December 1991; p 95 - 101.

GIBBINS MICHAEL, RICHARDSON ALLAN & WATERHOUSE JOHN;
The management of corporate financial disclosure: Opportunism, ritualism, policies and processes; *Journal of Accounting-Research*; Lente 1990; p 121 - 142.

MACINTOSH NORMAN B; *Management Account's Dark Side*; *CA Magazine*; September 1994; p 40 - 45.

JOHNSON LUKE; *Accounts - When figures smell dirty*; *Director*; September 1992; p 13.

BROMWICK MICHAEL; *Management Accounting: Pathway to progress*; *Management accounting (London)*; Mei 1994; p 44.

BARY ANDREW; *The preiest for form*; *Baron's*; Februarie 1993; p 81 - 100.

JONES MIKE; *Accounting for growth*; *Management Accounting (London)*; Februarie 1992; p 20 - 22.

WILLIAMS PETER; *Creative Accounting*; *Accountancy*; Julie 1994; p 78.

ROSENFELD PAUL & GILL FREDERICK; *Applications in accounting - A checklist for management discussion and analysis*; *Journal of Accountancy*; Desember 1991; p 95 - 101.



